

# H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018

POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](tel:023-6141390) FAKS: 0865447251

Dit is vir my 'n voorreg om my 2 de jaarverslag, as hoof van die Hoërskool Montagu, aan u voor te hou.

Ek neem u op 'n terugblik oor die afgelope jaar.

## 1. Personeel

Ons is dankbaar dat ons die jaar met 'n voltallige personeel kon begin. Drie nuwe personeellede het by ons aangesluit. Mn. Duan van Brouwershaven vir Tegnologie: grade 8 en 9 en IGO: grade 10 tot 12, Mn. Pieter Booysen vir Wiskunde: grade 8 en 9 en Wiskundige Geletterdheid: grade 10 en 11 en Mev. Anandi van Brouwershaven vir EBW: grade 8 en 9, Besigheidstudies graad 10 en Rekeningkunde graad 10. Daar het ook 'n interne skuif plaasgevind: Mev. Beukes is aangestel as departementshoof en Mej. Mari-Lena Joubert beklee tans die WKOD kontrakpos vir omskakeling na haar permanente aanstelling.

Ons is baie dankbaar dat Mn. Johan Strydom se permanente aanstelling goedgekeur is en is oopreg dankbaar vir die reuse taak wat hy en sy span verrig.

Die skool het die afgelope jaar 'n personeel van 33 gehad. Dit het bestaan uit een en twintig opvoeders en 'n steunpersoneel van twaalf. Ons het die diensstaat vir 2018 ontvang. Ons leerdental is konstant en gevvolglik het ons die aantal WKOD poste behou.

## 2. Getalle

Ons leerdental was vanjaar vir die tweede keer deurlopend meer as 520 leerders. Die getalle is tans 531 leerders. Die leerlinggetalle in die onderskeie grade is soos volg:

Graad 12:	93
Graad 11:	119
Graad 10:	129
Graad 09:	95
Graad 08:	95

## 3. Akademie

**3.1 Matriekuitslae 2017:** Ons graad 12-klas van 2017 het baie goeie rekenskap van hulself gegee. Hulle behaal 'n 100% slaagsyfer in die Senior Sertifikaat-eksamen. Tien leerders slaag met onderskeidings. Ons top kandidate is soos volg:

1. Olivia Brunings (7 Onderskeidings; 5 vakke bo 90%),
2. Jaco Joubert (6 Onderskeidings; 4 vakke bo 90%),
3. Alexa Esterhuyse (5 Onderskeidings; 2 vakke bo 90%)
4. Jana den Engelsman (5 Onderskeidings)
5. Clarise le Grange (5 Onderskeidings)
6. Andrea Oberholzer (4 Onderskeidings)
7. Anke-Marié Meyer (5 Onderskeidings)
8. Cindy Anger (4 Onderskeidings)
9. Jana Groenewald (4 Onderskeidings)
10. Janke Esterhuyse (4 Onderskeidings)

# H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018

POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](tel:023-6141390) FAKS: 0865447251

Uit die klas het 12 leerders met B-gemiddeldes geslaag en 'n verdere 22 leerders slaag met 'n gemiddelde van bo 60%. Die groep van 81 leerders het gemiddeld 4,9% beter gevaa in die bevorderingseksamen, as in die interne September-eksamen. Van die 81 leerders voldoen 80% aan Graadstudievereistes . Altesaam 89 A-vaksimbole word behaal. Ons is saam met die leerders en hulle ouers baie trots op die puik uitslae van 2017. Dit is 'n bewys dat die akademiese standaard van dié skool baie goed is en dat leerders onderrig van 'n baie hoë gehalte ontvang. Vir die skool se uitstekende uitslae het ons 'n Ministeriële toekenning, tydens 'n spoggeleenheid by Leeuwenhof, ontvang. Die Burger het die skool gekontak en 'n artikel geplaas daaroor.

**3.2 Akademie 2018:** Vanjaar word goeie prestasies op akademiese gebied gelewer. Daarvan getuig die 8 leerders wat hulle akademiese erekleure behaal, die 22 leerders wat akademiese half-erekleure behaal en die 168 akademiese pryswenners.

**3.2.1 Assessering en onderrig:** Die hele skool skryf vier eksamens - 'n verkorte eksamen in Maart en September en volle eksamens in Junie en November. Die graad 12-klas het September hulle gebruiklike proefeksamen geskryf. Leerders se vordering is verder deur gereelde toetse, huiswerk en opdragte gemonitor. Die vordering van leerders is goed. Korrektiewe stappe is geneem waar nodig. Ten einde ons graad 12-klas deeglik voor te berei vir die eindeksamen, is daar 'n vergadering gehou met die leerders en hul ouers. Daar het 'n inligtings- en motiveringsgeleenheid plaasgevind en met die hulp van die Ondersteunersklub is 'n ete vir al die matrieks in die klubhuis gehou. Alle onderriglokale is toegerus met 'n dataprojektor en rekenaar en onderwyspersoneel ontvang deurlopend opleiding in die gebruik van rekenaarondersteunde onderrig.

**3.2.2 Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid Olimpiades:** Op 14 Maart neem agt en dertig leerders deel aan die Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade. Nege juniors en vier seniors gaan deur na die volgende rondte wat op 16 Mei sal plaasvind. JG van Deventer vaar die beste in die junior afdeling (gr. 08-09) en Johané Cockrell die beste in die senior afdeling (gr. 10-12). Nathan Blacklaws behaal 92% in die Wiskundige Geletterdheid Olimpiade wat op 31 Mei 2018 vir graad 10-12 leerders geskryf is. Nathan behaal 'n 3de plek in hierdie landswee olimpiade.

**3.2.3 WKOD Sistemiese Toetse:** Die uitslag van die WKOD Sistemiese toetse van die graad 9 klas van 2017 vergelyk goed met vorige jare se uitslae in Wiskunde en Taalvaardighede en daar kan in die toekoms ook na goeie matriekuitslae uitgesien word. Ons graad 9 groep het toetse onder gekontroleerde omstandighede geskryf, wat ekstern nagesien is. Die groep behaal 54% in Wiskunde (dit is 32% bo die provinsiale gemiddelde) en 86% in Afrikaans (dit is 33% bo die provinsiale gemiddelde).

## 4. Discipline en Skoolbywoning

Die pad na 'n suksesvolle skool begin by discipline, wat op sy beurt begin by korrekte skooldrag en goeie klaskamerdiscipline. Die gedragskode vir 2018 is aan die begin van die jaar met elke leerder in die skool behandel en elkeen het 'n afskrif daarvan ontvang. Daar

# H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018

POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](tel:023-6141390) FAKS: 0865447251

word van die onderwyspersoneel en leerlingleiers verwag om die gedragskode toe te pas en afwykings dadelik aan te spreek. Oor die algemeen kom die groter meerderheid van ons leerders die gedragskode nougeset na. Ons leuse vir vanjaar is: "Vriendelikheid, Eerlikheid en Goeie Maniere." Goeie maniere en die regte waardes is die grondslag vir die gesonde voortbestaan van ons skool, dorp en land. Hoërskool Montagu streef daarna om te help verseker dat dit wel die geval is, deur spesifieke waardes en beginsels jaarliks na te streef en uit te leef. Die skool se Discipline- en Beleidskomitee, onder leiding van mnr. Theuns Carstens, sorg dat alle beleidstukke in plek is. Oor die algemeen is die discipline van HSM goed. Kleredrag van die leerlinge is netjies en korrek, hulle gedrag is goed en akademiese verpligtinge word nougeset nagekom. Die huidige disciplinestelsel werk goed en wanneer afwykings voorkom, word die nodige korrektiewe stappe geneem wat die volgende insluit: strafklasse, ouergesprekke, die weerhouding van voorregte en tydelike skorsing. Min ernstige disciplinêre oortredings het die afgelope jaar plaasgevind en slegs 'n paar disciplinêre gesprekke het plaasgevind. Oor die algemeen is ons leerders se skoolbywoning baie goed en is die gemiddelde weeklikse teenwoordigheidsyfer bo 95%.

## 5. Beheerliggaam en skakeling met ouers

Die Beheerliggaam funksioneer voluit en het die afgelope jaar twee maal per kwartaal vergader. Die ampsdraers is as volg: Voorsitter: Mnr. Theuns Carstens, Ondervoorsitter: Mnr. Juan Swanepoel, Tesourier: Mnr. Philippie Olivier en Sekretaresse: Dr. Nadine van Zyl.

Die onderskeie sub-komitees funksioneer onder die leiding van die volgende Beheerliggaamlede: Koshuis: Mnr. Vikus Ellis, Discipline en Beleid: Mnr. Theuns Carstens, Geboue en Terrein: Mnr. Alewyn Hugo, Finansies: Mnr. Philippie Olivier, Sosiaal: Mev. Leana van Deventer, Ondersteuning en Bemarking: Dr. Nadine van Zyl en Skoolaktiwiteit: Mev. Ingrid Kriel. Mev. Ingrid Kriel en mnr. Derick Kotzé is opvoederlede, mev. Elizabeth Myburgh is nie-opvoederlid en Zéann Sauer en Nicole van Zyl is leerderlede.

Die lede van die Beheerliggaam het FEDSAS en die WKOD se opleidingsgeleenthede bygewoon om hulle te bemagtig.

Goeie deurlopende kontak het vanjaar tussen die skool en ouers plaasgevind. Daar is vyf oueraande gehou. Ouers het ook in die 2de en 3de kwartaal die geleentheid gekry om gesprekke met die onderskeie vakonderwysers te voer. Elke maand word daar 'n maandbrief gestuur aan alle ouers om inligting te verskaf en verslag te doen oor al die aktiwiteite van die skool. Alle maandbriewe word ook op die skool se Facebook-blad en webblad geplaas. Die afgelope jaar is die SMS-stelsel ook gebruik om ouers ingelig te hou. Aan die einde van elke kwartaal is daar 'n vorderingsverslag aan elke ouerhuis gestuur oor die akademiese vordering en gedrag en samewerking van hulle kinders.

## 6. Finansies en Fondsinnameelings

Die finansies van die skool word bestuur volgens 'n begroting wat tydens 'n ouervergadering op 20 November 2017 goedgekeur is. Die totale begroting vir die 2018-boekjaar beloop R3029431, waarvan die WKOD R328321 (11%) van die fondse verskaf. Die res van die

# H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018

POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](tel:023-6141390) FAKS: 0865447251

inkomste (89%) word hoofsaaklik verkry uit ouerbydraes. Ons verwagte uitgawes beloop R3029431 waarvan 45% gaan vir akademie; 23% vir terrein en toerusting; 27% vir bedryfsitems en 5% vir sport en verenigings. Mev. Alida Beets is verantwoordelik vir die ontvangste van kontant en alle betalings en Mev. Liezl Lewis sorg dat die skoolgeld getrou ingevorder word deur die nodige stappe teen nie-betaler te neem. Die skool het die afgelope jaar onder andere insamelings gehou vir Die Burger se Kersfonds, die Kankervereniging se "Cupa Day", "Tekkie Tax" en "Loslit-dag".

## 7. Fisiese Geriewe / Terrein / Toerusting

Die geboue/terrein en toerusting komitee, onder leiding van mnr. Alewyn Hugo, is baie aktief. Daar is die afgelope jaar talle projekte aangepak, wat onder ander die volgende insluit: die verf van die skoolgebou, plant van bome, ekstra bankies as sitplekke, die aanbring van 'n nuwe boorgat, die opgradering van die krieketkolfblad, tennisbane, klubhuis en store. Mnr. Strydom en sy span werkers sorg dat ons terrein netjies is en die skoolgebou en toerusting 'n voorbeeld is vir die meeste ander skole. Meer as R380000 is hierdie boekjaar uit eie fondse bestee aan onderhoud en instandhouding van ons geboue, terrein en toerusting.

## 8. Sosiaal

Verskeie sosiale geleenthede is deur die loop van die jaar gereël. Al die byeenkomste is baie goed ondersteun. Dit het onder ander die volgende ingesluit: 'n Valentynsbal, Mnr. & Mej. Hoërskool; Winterbal, Juniorbal, 'n "Groot Brag", Matriekafskeid, Matriekouerete, Modeparade en verskeie sokkies.

**8.1 Valentynsbal:** Op 2 Februarie 2018 is daar 'n Valentynsbal gehou met die tema "Picnic under the stars". Al 120 kaartjies was uitverkoop en danksy ons bekwame platejoggies, Franco Hugo en Jandré Mellet, het almal moeg en tevrede huis toe gegaan. Die Senior VRL het baie moeite gedoen om die saal mooi te versier en die leerders het spoggerig gelyk. Dankie vir almal se samewerking en mooi gedrag. Die volgende leerders ontvang tydens dié geleentheid toekenning:

Mnr. Valentyn	Sylvester Moses
Mej. Valentyn	Carla Swart
Die Valentynspaartjie	Johan Muller en Charné Potgieter

**8.2 Mnr. en Mej. HSM:** Op Woensdag, 9 Mei, het die deelnemers aan Mnr. en Mej. HSM 2018 weer gewys dat hul stylvol en vol inisiatief is. Die wenners was as volg: Mej. HSM – Ankia Burger en Mnr. HSM – Maxwell Klaassen. Mej. Persoonlikheid: Roché Gentleman, Mnr. Persoonlikheid: Roger Schierhout, Mej. Bene: Anke le Grange en Mnr. Lyf: Daniel Dooreward.

**8.3 Winterbal en Juniorbal:** 'n Baie suksesvolle Winterbal is op Woensdag 20 Junie 2018 in die skoolsaal aangebied, met die tema 'Golden Globe'. Die Senior VRL is verantwoordelik vir dié pragtige, stylvolle aand. As gevolg van die gewildheid van ons Winterbal, is daar besluit om ook 'n Juniorbal te hou. Dit het hoofsaaklik bestaan uit graad 7 tot 9 leerders. Die Junior VRL was verantwoordelik vir 'n puik aand van dans, eet, lag en gesels.

## H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018

POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](tel:023-6141390) FAKS: 0865447251

**8.4 Matriekafskeid:** Ons jaarlikse matriekafskeid het op Woensdagaand 08 Augustus 2018 in die saal van Hoërskool Montagu plaasgevind. Die matriekeregaste, met hulle metgeselle, het hulle droomaand begin met hulle eerste tree op die rooi tapyt. Hulle "Walk of Fame", waar 570 toeskouers elke glanspaartjie met groot toejuicing begroet en begelei het tot in die saal. Ons matrieks en hul metgeselle het baie spoggerig gelyk. Die saal was pragtig versier en het die graad 12's en hul metgeselle baie spesiaal laat voel. Dit was 'n ware glansgeleentheid. Dankie aan mev. Ina van Heerden en haar span vir die reëlings. Baie dankie ook aan al die graad 11 ouers en -leerders wat bygedra het om die aand só spesiaal te maak. Dit was werklik 'n spoggeleentheid!

**8.5 Ete vir matriekouers:** Tydens die matriekafskeid het die graad 9-ouers, onder leiding van mevv. Thea Pieterse en Ruth van Niekerk, vir die matriek-ouers 'n ete in die klubhuis aangebied. Die geleentheid was 'n groot sukses. Baie dankie aan al die graad 9 ouers en graad 9 leerders wat 'n groot rol gespeel het.

**8.6 Modeparade:** Op Dinsdagaand 14 Augustus het die matrieks hul matriekafskeiddrag vertoon tydens 'n modeparade in ons skoolsaal. Soos gewoonlik is die geleentheid goed ondersteun. Die aand is gereël deur die graad 08-ouers onder leiding van Mevv. Janine Beukes Louise van Rensburg. Vanjaar het gaste weer by tafels aangesit wat deur gasvroue beman is. Ek wil graag die organiseerders en die graad 8 ouers en -leerders gelukwens met hulle pogings en almal betrokke bedank vir hul insette. Baie geluk met julle waardevolle bydrae en die sukses wat behaal is.

### 9. Leerlingleierskap

Leerlinge het die geleentheid gekry om op verskeie rade te dien en leiersposisies te beklee. Die skool kies 'n Bestuurskomitee wat uit twaalf Graad 12 leerders bestaan. Die komitee funksioneer as 'n sub-komitee van die Raad van Leerders. Vanjaar het ons vir die eerste keer die Raad van Leerders vergroot deur 6 leerders per graad te verkies. Die Junior VRL (graad 8 en 9) en Senior VRL (graad 10 en 11) het puik funksioneer. Nicole van Zyl en Zéann Sauer verteenwoordig die raad op die Beheerliggaam. Elke registerklas kies vir hulself twee klasleiers en leerders kry verder ook die geleentheid om as VCSV-kringleiers, Indaba-redaksielede, Landsdiensleiers, Biblioteekprefekte en sportkapteins op te tree. Nicole van Zyl het vanjaar Die Burger se Jeugleiers-konferensie in Kaapstad bygewoon. Sy is een van slegs 25 dogters uit die hele Wes-, Oos- en Noord-Kaap op dié seminaar. Dit is vanjaar die 21 ste agtereenvolgende jaar dat 'n leerderleier van ons skool gekies is, vir dié seminaar.

#### 9.1 Ons Bestuurskomitee vir 2018 is as volg:

Hoofleiers: Zéann Sauer en Nicole van Zyl, Onderhoofleiers: Christie Crafford en Elzé Kriel. Lede: Ankia Burger, Lizenke Carstens, Maryn du Toit, Tyrique Kleyn, Amy Ross, Regan Schierhout, Clarissa Vosloo en Zenobia Wiese.

# **H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018**

**POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](#) FAKS: 0865447251**

## **9.2 Ons Verteenwoordigende Raad van Leerders vir 2018 is as volg:**

Graad 08: Bertha Bopheka, Chris Carstens, Liz Heyns, Janie Marais, Nienke Strauss en JG van Deventer

Graad 09: Tanika Crafford, Ankia Ellis, Nisha Fabricius, Marlee Steyn, Zindi van Zyl en John Wright

Graad 10: Jamay Belelie, Suné den Engelsman, Tia Esterhuyse, Hanél Gous, Enrike Groenewald en Seidy Hartman.

Graad 11: Ferdi Coetzee, Cherwin de Koker, Tandré Hanekom, Requelle Johnson, Mishka Lakey en Dmitri Moses.

Graad 12: Zéann Sauer, Nicole van Zyl, Christie Crafford en Elzé Kriel

## **9.3 Huis Van Velden : Hoofleiers 2018: Johan Muller en Carla Swart**

### **10. Bemarking en Ondersteuning**

Die skool se Bemarkingskomitee, onder leiding van dr. Nadine van Zyl, het vanjaar verskeie bemarkingsaksies geloods. Persoonlike gesprekke, skoolbesoeke, korrespondensie, die media en die skool se webwerf is gebruik om die skool te bemark. Daar is 'n graad 7-opdag en -oueraand gehou om die skool bekend te stel. Die nuwe benadering en aanbieding het daartoe bygedra dat beide dié geleenthede goed ondersteun is en die graad 7 leerders met nuwe oë en opwinding uitsien na 2019. Die skool se Ondersteunersklub, onder leiding van mnr. Alewyn Hugo, was die afgelope jaar baie aktief en doen waardevolle werk vir die skool. Die Ondersteunersklub het verskeie projekte by die skool aangebied: 'n Motiveringsgeleentheid en ete, is vir die graad 12 leerders aangebied, aansporingsprys vir die topresteerders in elke graad word geborg, daar is vir toergroepe se vervoerkoste ingestaan en verskeie sportsoorte ontvang befondsing om afrigtingsklinieke aan te bied. Die skool se Ondersteunersklub het ook op 24 Februarie 2018 'n geborgde Gholfdag op die baan van Montagu Gholfklub aangebied. Onder leiding van Mnr. Hugo en sy span was dit die grootste gholfdag nog vir die Monties. Die dag het 'n mooi opbrengs van meer as R84 000 opgelewer. Vanuit hierdie oord, baie dankie vir almal wat 'n oop hand vir die skool het en ons skool getrou ondersteun. Die Ondersteunersklub het ook 'n bedrag van R65 000 bygedra tot die boorgat en installasies. Ek wil alle ouers aanmoedig om betrokke te raak. Die Ondersteunersklub is 'n uitstekende geleentheid hiervoor. Onthou: " 'n Betrokke ouer is 'n gelukkige ouer– net soos die leerders!"

### **11. Koshuis**

Die skool se Koshuiskomitee, onder leiding van mnr. Vikus Ellis, funksioneer goed en sorg dat alles goed verloop by die koshuis. Die afgelope jaar is daar 61 leerders in die koshuis. Deur die loop van die jaar het verskeie aktiwiteite by die koshuis plaasgevind. Deel daarvan is die Waatlemoenfees, Nuwelinge-konsert en Tafeltennis kompetisie. Op 27 September het die jaarlikse koshuisafskeid plaasgevind.

### **12. Toere en uitstappies**

Vanjaar is leerlinge op verskeie toere en uitstappies geneem. Dit het onder andere ingesluit: deelname aan sportdae, Landsdienskampe, 'n rugbyweek, en 'n netbal- en hokkietoer. Die

# H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018

POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](tel:023-6141390) FAKS: 0865447251

eerste rugbyspan, onder leiding van mnr. Morné Roos, het vanaf 28 Maart tot 02 April 2018 deelgeneem aan die Oakdale-rugbyweek op Riversdal. Die eerste netbaloeufengroep van 2018, het die naweek van 16-18 Maart, na Hermanus getoer. Daar het hulle afrigting ontvang van Sandra du Plessis wat 'n baie bekende netbalafrigter in die Boland is. Hulle het verskeie afrigtingsessies gehad en die spelers het baie geleer en hard gewerk. Die eerste span hokkiedogters het op Woensdag, 21 Maart, aan die Spar dogtershokkietoernooi by Paarl Meisies deelgeneem. Hulle het 5 wedstryde gespeel en dit was ongelooflike voor-seisoen oefening vir ons dogters. Saterdag 24 Maart het die twee eerstespanne en die 0/16 hokkiedogters 'n astro-kursus bygewoon op Paarl Gimnasium se baan. Tian Steyn (Boland hokkie-afrigter) het die kursus vir ons aangebied.

## 13. Buitemuurse bedrywighede

'n Baie vol, goed georganiseerde en gebalanseerde buitemuurse program het vanjaar by HSM plaasgevind. 'n Kenmerk op buitemuurse gebied is beslis die goeie deelname aan buitemuurse bedrywighede en die uitstekende prestasies wat ons leerders lewer in 'n wye verskeidenheid aktiwiteite. Vanjaar word 36 half-erekleure en 26 erekleure-toekennings gemaak vir buitemuurse aktiwiteite. Die volgende personeellede staan aan die hoof van die aktiwiteite:

Atletiek	Mev. Elmarie Rossouw
Tennis	Mev. Janine Beukes
Krieket	Mnr. Morné Roos
Gholf	Mnr. Johandré Olivier
Indaba	Mev. Petro Brits
Skoolkoor	Mnr. Jaco Beeslaar / Mev. Ingrid Kriel
Noodhulp	Mev. Anandi van Brouwershaven
CSV	Mev. Louise van Rensburg
Landsdiens	Mnr. Auré Metelerkamp
Skaak:	Mev. Petro Brits

## 14. Sport

Leerders neem deel aan atletiek, rugby, krieket, tennis, netbal, hokkie, skaak en gholf. Ek lig slegs 'n paar hoogtepunte uit.

**14.1 Interskole:** Die twaalfde interskole tussen Montagu en Bredasdorp het alreeds in Februarie vanjaar 'n aanvang geneem met tennis en krieket. Op Saterdag 18 Augustus is dit met rugby-, hokkie- en netbalwedstryde op Montagu afgesluit. Daar het altesaam 36 kragmetings plaasgevind wat punte getel het.

Ons wen vanjaar 18 van die kragmetings, Bredasdorp wen 16 en 2 wedstryde eindig gelykop. Bredasdorp behaal oorwinnings in die eerste spanwedstryde van dogtershokkie (1-0), dogterstennis, skaak en gholf. Ons wen die eerste spanwedstryde in die seunstennis, krieket, netbal (27-19) en rugby (27-24) en die seunshokkie (0-0) eindig gelykop. Ons verower vanjaar vir die agtste keer die trofee vir die skool wat die meeste punte behaal. Die dag is gekenmerk deur goeie sportmangees wat deur beide skole openbaar is. Ons ontvang ook

## H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018

POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](tel:023-6141390) FAKS: 0865447251

baie komplimente vir ons sportmanne en -vroue se voorkoms, gedrag en sportmangees. Vanjaar was ons leerders se pawiljoen-optrede en samewerking 'n puik advertensie vir die skool. Baie dankie daarvoor.

**14.2 Tennis:** Ons het vanjaar agt tennisspanne wat die afgelope seisoen nie minder as 50 wedstryde gespeel het. Verder is ons bevoordeel om spesialis afrigting te kry vir ons spanne by Wimpie Helmand. Die jaarlikse Interskole kragmetings teen Bredasdorp is reeds in Februarie afgehandel. Baie geluk aan ons eerste seunsspan wat skoonheid gemaak het.

Anro Nel presteer puik in sy tennis vanjaar! Vanaf 21 tot 24 Maart 2018 het Anro deelgeneem aan 'n CAT(Central African Tournament) toernooi in Pretoria. Anro is ook een van 5 spelers wat vir die SA-span gekies is, wat vanaf 25 tot 31 Maart in Pretoria, aan 'n Suiderlike Afrika-toernooi deelgeneem het. Vanaf 3 tot 9 April het hy deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Nasionale kampioenskappe in Bloemfontein. Anro het vroeg in Mei gehoor dat hy een van 3 spelers in Suid-Afrika is wat gekies is om Suid-Afrika in die African Junior Team Championships in Tunisië te verteenwoordig. Hierdie toernooi is die kwalifiseringstoernooi om aan die Wêreldkampioenskappe later in die jaar te gaan deelneem. Hy het vanaf 19 Junie tot 2 Julie SA verteenwoordig in die Afrika Junior Tennis kompetisie. Die Suid-Afrikaanse span het baie goed gedoen en gesamentlik met Marokko en Tunisië in die 1ste plek geëindig. As gevolg van sekere wenne en verlore het Marokko en Tunisië deurgegaan na die Worldcup toernooi. Verder het Anro ook gedurende die Julie vakansie in Gauteng aan 'n TSA toernooi deelgeneem en 'n 2de plek in die enkels en 1ste plek in die dubbels behaal. Daarna het hy in Mauritius aan 'n o/18-internasionale toernooi deelgeneem. Hierna het hy na Algerië vertrek om vanaf 4 September tot 17 September aan die 0/14-Afrika toernooi en die AJCCC (Africa Junior Clay Court Championships) 0/14- toernooi deel te neem. In die eerste toernooi behaal Anro 'n 3de plek in die enkels en hy en sy dubbelmaat van Namibië wen die toernooi. Die 2de toernooi speel hulle in spanverband en SA behaal 'n 4de plek waar Anro en sy dubbelmaat van SA 'n 2de plek behaal. Die Afrika Tennis Federasie het bevestig dat Anro uitgenooi word om aan die CAT Masters deel te neem. Dit is die top 8 seuns in Afrika wat kwalifiseer. Baie geluk Anro! Tydens die Septembervakansie het Anro skitterend gevrees en eindig 3de tydens die SA Tennis meesters toernooi. Hy het ook erkenning gekry tydens die TSA Tennis Awards se seremonie as die beste o/14-seunsspeler by al die TSA toernooie in 2018. Hy is ook in die o/16 nasionale span opgeneem vir 2019. Ons is super-trots op jou!

**14.3 Atletiek:** Die 54ste kleurebyeenkoms het op Vrydag 26 Januarie plaasgevind. Vanjaar het die Groenspan met die spanbeker en die Rooispan met die pawiljoenbeker weggeloop. Die uitslae na 'n baie geslaagde byeenkoms was as volg: Slegs 1 Rekord: Shaun Batt verbeter die GS-afstand met amper 'n halwe meter. Zéann Sauer was WEER (soos in 2017) die Veelsydigste seun en Esmarie Volsckenk die veelsydigste dogter. Maxwell Klaasen het die gesogte trofee verower as Senior Victor Lodorum en die Junior Victor Lodorum was (soos ook in 2017) Jaco Kriel. By die dogters het Mirnay Januarie die Junior Victrix Lodorum verower en Deborah Brown die Senior Victrix Lodorum. Die beste prestasie van die dag is deur Johanè Cockrell behaal met haar uitstekende diskus-afstand. Vanjaar het ons atlete weer die jaar op 'n hoë noot begin met 87 atlete wat aan die Langeberg byeenkoms

## H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018

POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](tel:023-6141390) FAKS: 0865447251

deelgeneem het en 58 aan die Noord-Boland byeenkoms. Dit is 'n rekord aantal atlete wat dié byeenkomste bygewoon het. Tydens die Noord-Boland byeenkoms spog die Monties met 6 eerste plekke, 8 tweede plekke en 8 derde plekke. Die volgende leerlinge behaal eerste plekke en/of die beste punte: Johané Cockrell – Diskus (oor die 800 punte!); Greyvino Natel – 100m; Maxwell Klaasen 110m Hekkies; Shanesia Louw - Verspring; Shaun Batt - Gewigstoot en Diskus. Ons ontvang op die dag pragtige komplimente oor ons leerders se gedrag, samewerking en voorbeeld wat hulle stel.

Negentien Montie-atlete word in die Noord-Boland span opgeneem vir die Boland byeenkoms, wat 2-3 Maart in die Paarl plaasgevind het. Die drie atlete wat medaljes huis toe bring het, was: Brons vir Deborah Brown met haar 3000m, Maxwell Klaasen in sy 110m hekkies en silwer vir Shanesia Louw in haar verspring.

Op die Wes-Kaap byeenkoms het 3 van die Montie-atlete deelgeneem. Maxwell Klaasen neem deel aan die 110 meter hekkies en Shanesia Louw aan verspring. Albei van hulle kon die seisoen afsluit met hul beste prestasie. Deborah Brown is gekies vir die 1500m en die 3000m wedlope. Sy behaal 'n tweede plek in die 3000m wedloop en verower hiermee 'n silwer medalje. Baie geluk, Deborah!

**14.4 Hokkie:** Ons het vanjaar 8 spanne. Die Monties se Hokkie-toergroep het die naweek van 16 en 17 Maart 'n hokkiekamp by die skool bygewoon. Die Maties Hokkiekamp is gekanselleer as gevolg van die droogte en daar is besluit om ons eie hokkiekamp aan te bied. Me. Vossie van Schalkwyk en me. Ammi Uys het die kursus aangebied. Die spelers het baie geleer en kon alles wat geleer is prakties toepas in 'n wedstrydsituasie.

**14.5 Krieket:** Twee seuns- en een dogterspan neem deel aan wedstryde. Al drie spanne vaar puik en gee baie goeie rekenskap van hulself (seuns o/19 en o/15 en dogters o/18). Baie geluk aan die eerste seuns span wat die derde agtereenvolgende jaar onoorwonne is. Dit is 'n ongelooflike prestasie. Cobus Nel is opgeneem in die Noord-Boland-0/15 span en Maxwell Klaasen het deelgeneem aan die Boland-0/18 Elite wedstryd.

**14.6 Netbal:** Ons het vanjaar veertien spanne. Op Woensdag 18 April het die omliggende skole die Langeberg-Sone se jaarlikse proewe op Bonnievale gehou. Daar het 32 van ons speelsters deelgeneem. Agtien leerders word in die Langeberg-Sone Netbalspan opgeneem. Maandag 23 April het ons speelsters deelgeneem aan die Wynland-Noord proewe. Van die 18 speelsters is 4 opgeneem in die Wynland-Noord span wat op Vrydag 4 Mei deelgeneem het aan die Wynland proewe in die Paarl. Fiona Pekeur, Casey-Lee Wilckut, Leandrey Koch en Deborah Brown is opgeneem in die Wynland Noordspan.

**14.7 Gholf:** Daar is vanjaar een gholfspan wat op 'n gereelde basis deelneem aan ligawedstryde. Dit vind plaas op Maandae op verskillende bane.

**14.8 Karate:** Tydens die Noord Boland Karate kompetisie het Zindi van Zyl goud in "fighting" en silwer in "kata" behaal. Damian Absalom kry goud vir sy "kata". Anton Jordaan kry brons vir sy "kata" en silwer in "fighting" en Zéann Sauer behaal goud in "fighting" en "kata". Anton

# H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018

POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](#) FAKS: 0865447251

Jordaan, John Wright, Johan Jordaan, Zindi van Zyl, Christiaan Marais, Damian Absalom, JJ Stynder en Zéann Sauer word opgeneem in die Bolandspan. Baie geluk en sterkte vir die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe.

**14.9 Rugby:** Ons het vanjaar 6 spanne. Na afloop van die Oakdale-rugbyweek op Riversdal is Keenan Opperman opgeneem in die Old Mutual Insure 15 tal as die beste agtsteman van die toernooi.

**14.10 Wedstryde en Sportdae:** Deur die loop van die jaar het ons wintersportspanne aan sportdae teen Piketberg, Robertson, Stellenbosch, Bonnievale, Langenhoven, Montana, Overberg, Langenhoven Gimnasium, Charlie Hofmeyr en Bredasdorp deelgeneem. Meer as 250 wedstryde het plaasgevind.

**15. Verenigings & Kultuur:** Leerlinge het deelgeneem aan onder andere die skoolkoor, Mekka-Kultuuraand, Landsdiens, CSV, die skoolkoerant, drama, musiek, dans, redenaars, kuns, Monties Kultuuraand en noodhulp.

**15.1 Kultuuraand:** Die jaarlikse Montagu Hoërskool Kultuuraand het plaasgevind op 21 Februarie met die tema “The Art of Standing Out.” ’n Vol saal van oor die 300 toeskouers het die geleentheid bygewoon. In die ingangsportaal het die Kuns-leerders hul eie werke self uitgebeeld en die regte atmosfeer vir die geleentheid geskep. Die deelnemers het ‘n verskeidenheid items gelewer en veral die graad 12 leerders het leiding geneem deur groot groepe wat deelgeneem het. Ons skool het voorwaar baie talent!

**15.2 Landsdiens:** Elf lede van ons skool se Landsdiensklub het ’n kamp in die Koo by Kopbeenskloof bygewoon. Landsdiens-lede kry die geleentheid om aan verskeie kampe deel te neem. Tydens die Streekkamp word Franco Hugo, Tanika Crafford, Zindi van Zyl en Nicole van Zyl gekies om die Wes-Kaap by die Nasionale kamp te verteenwoordig. Verder word Nienke Strauss, Albert Swart, Henré Coetzee en Christiaan Marais as reserwes gekies.

**15.3 Skoolkoerant:** Mev. Petro Brits is vanjaar in beheer van die Inbaba en die redaktrise is Clarissa Vosloo. Die koerant is van hoogstaande gehalte en werklik iets waarop ons baie trots is.

**15.4 VCSV:** Die CSV het vanjaar 63 kringleiers en meer as 520 lede wat weekliks samekomste hou. In die kringe het leerders navorsing gedoen van hoe verkeerde besluite gehanteer is in die Bybel. Aan die einde van elke Bybelstudie kon leerders die lesse toepas op vandag se lewe. Die CSV het die eerste kwartaal vir ds. Eyssen genooi. Hy het die Monties geleer dat ons elke dag goeie keuses moet maak. Die Wêreldbiddag is gehou deur dr. Hannes Ries en Elrika Esterhuizen wat die seuns en dogters apart toegespreek het. In die kringe is Bybelstudie gedoen oor: “Hoe beheer ek my tong.” Op 18 Januarie het kringleiers deelgeneem aan ‘n opleidingsgeleentheid. Vanjaar is Joshua Crouwkamp en Frede Mellet onderskeidelik die voorsitter en ondervoorsitter van ons CSV-tak.

## H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018

POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](tel:023-6141390) FAKS: 0865447251

**15.5 Kunstefeste:** Die afgelope kwartaal is gekenmerk deur puik prestasies in die kunste. In Kuns behaal ons leerders 25 toekennings: 1 dubbel goud, 3 goud, 2 Silwer, 11 brons en 8 meriete. Fotografie lewer 18 toekennings op: 5 goud, 8 silwer en 5 brons. In Drama en Literatuur word 29 toekennings aan leerders toegeken: 3 dubbel goud, 6 goud, 16 silwer en 4 brons. Handwerk lewer 3 silwer en 2 brons; dans 1 dubbel goud en 1 goud en musiek 1 dubbel goud toekennings op. Henry Viljoen behaal dubbel goud in klavier-solo en ook die trofee vir die beste solo-instrument: senior. Monica Kuit verower die trofee vir die beste moderne danser: senior met `n dubbel goud. Die trofee vir die beste fotografie inskrywing word deur Kenwin Stout verower. Die beste poësie toekenning word gedeel deur Nina Boshoff en Henry Viljoen en Isobel Telford behaal `n dubbel goud in drama. Zindi van Zyl presteer uitsonderlik tydens die kunstefees. Die trofee vir beste digitale kuns (dubbel goud); trofee vir beste kuns graad 9; trofee beste letterkunde (dubbel goud) en toekenning vir die beste prosa (dubbel goud) word aan haar toegeken. Henry Viljoen het puik presteer by die Ratem Eisteddfod. Hy verwerf twee goue diplomas by die geleentheid met `n gemiddeld van 92%.

**15.6 Bibliotek:** Die bibliotek, onder leiding van mev. Ina van Heerden, het op Vrydag 20 April 2018 sy sesde verjaarsdag gevier. Ons is baie trots op ons bibliotek. Dit is een van 'n paar skoolbiblioteke wat effektief funksioneer en spog met gereelde nuwe boeke en baie leerders wat dit ondersteun. Baie dankie vir die 17 bibliotekprefekte vir julle harde werk. Requelle Johnson is die hoofbibliotekprefek vir 2018.

**15.7 Musiek:** Henry Viljoen sorg vir buitengewone prestasies. Hy slaag sy Unisa graad 6 praktiese eksamen met 85% en sy musiek graad 4 eksamen met 88%.

**15.8 Redenaarskompetisies:** Die Junior- en Senior Redenaarskompetisie het plaasgevind op Donderdag 3 Mei 2018. Dit is verblydend om te sien dat die gehalte van die aanbiedinge elke jaar verbeter. Die toesprake was van hoogstaande gehalte. Zindi van Zyl word as die Junior wenner aangewys. Nicole van Zyl word as die naaswenner en Kyra Conradie as die wenner van die Seniors aangewys.

**15.9 Noodhulp:** Op 3 Maart het 19 senior leerders ons jaarlike Boksmart Noodhulpopleiding by die skool bygewoon. Die kursus word jaarliks aangebied deur mnr. Gunther von Bentheim en elkeen ontvang `n sertifikaat. Op 20 Maart het 23 junior leerders die opleiding deur Sozo bygewoon. Albei opleidings was baie insiggewend en die leerders het baie geleer. Die senior noodhelpers het 'n meer gevorderde kursus gedoen.

**15.10 Skoolkoor:** Ons is baie opgewonde en dankbaar dat die skoolkoor weer oefen en aktief is. Die koor van 29 lede het Maandag 20 Augustus 2019 die inwoners van Huis Uitvlucht met hulle mooi sang vermaak. Ons is baie opgewonde oor ons koor en sê dankie aan Mnr. Beeslaar en die lede vir hul toewyding. Ons sien verder daarna uit om die kooroptrede tydens die jaarlike prysuitdeling en Monties Kultuuraand te beleef. Ons weet hulle sal van krag tot krag gaan met `n puik afrigter soos Mnr. Beeslaar.

**15.11 Skryfkuns:** Baie geluk aan Zindi van Zyl. Haar gedig het 2de plek in haar kategorie gewen in 'n landwye skryf- en digkompetisie wat deur die Amateur Skrywersbond van die

# **H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2018**

**POSBUS 85 MONTAGU 6720 [TEL: 023-6141390](#) FAKS: 0865447251**

ATKV Suurbraak aangebied is. Verder is beide, haar gedig en kortverhaal, opgeneem in die boek Sprankel wat tydens die Montagu Boekfees bekendgestel is.

## **16. Algemeen**

2018 is 'n besondere geseënde jaar vir HSM. Daarvan getuig die skitterende prestasies wat op 'n verskeidenheid terreine gelewer is. 'n Mens kan nie anders as om met dank na die afgelope jaar terug te kyk nie.

Aan die einde van 'n jaar soos hierdie, is daar vele mense aan wie dank verskuldig is. 'n Skool kan nie effektief funksioneer sonder 'n betrokke Beheerliggaam, ouers en gemeenskap nie. Baie dankie vir elkeen wat betrokke is en toerusting beskikbaar gestel het vir die afgelope jaar. 'n Besondere woord van dank aan die lede van die Beheerliggaam, onder leiding van mnr. Theuns Carstens en ook die vorige Beheerliggaam onder leiding van mnr. Dirk van der Westhuizen, vir die ywer en effektiewe funksionering van al die werksaamhede van die onderskeie komitees. Ook aan die lede van die skool se Ondersteunersklub, onder leiding van mnr. Alewyn Hugo, vir al die projekte wat u die afgelope jaar aangepak het. Ek wil ook baie dankie sê aan die skoolhoofde en personeel van ons voeder-laerskole en die lede van Kring 10 se Kringspan, onder leiding van mnr. Nico Solomon, vir u ondersteuning en goeie samewerking.

Ons leuse vir vanjaar is: "Vriendelikheid, Eerlikheid en Goeie Maniere". Uit die talle briewe wat ons ontvang het, is dit duidelik dat ons leerders dit vanjaar uitgeleef het. Ek wil elkeen bedank wat die afgelope jaar 'n rol gespeel het om ons leuse uit te leef: opvoeders, leerders, ouers, oud-leerders en ondersteuners van die skool. Sonder u samewerking en ondersteuning is die prestasies wat ons vanaand eer, nie moontlik nie.

### **Uittreksel uit die artikel wat in Die Burger van 22 Januarie 2017 verskyn het:**

Die grootste uitdaging is om elke leerder te help om hulle volle potensiaal te bereik en in die proses ook 'n verskil in die lewens van elke leerder te maak. Elke leerder word as individu erken en ons glo daarin om elkeen se hart raak te sien. Effektiewe leer en onderrig kan net plaasvind in 'n omgewing waar daar 'n duidelike raamwerk en grense vir dissipline is, wat konsekwent toegepas word. Matriekafskheid en ander aktiwiteite is belangrik, maar bly "side shows".

Die uitslae van 2017 was 'n spanpoging waar beheerliggaam, onderwysers, leerders en ouers saam gewerk het. 'n Beheerliggaam wat effektief funksioneer en ondersteuning en ruimte bied waar leer optimaal kan plaasvind, is van kardinale belang.

'n Spesiale woord van dank aan al die personeel van die skool. Dit is 'n voorreg en 'n eer om saam met u te werk. Die sukses van die afgelope jaar was 'n spanpoging. Laaste, maar nie die minste nie. Dank aan ons Hemelse Vader, sonder wie ons niks sou kon bereik nie. "Nisi Dominus Frustra".

**TERTIUS PRINS**

**Skoolhoof: Hoërskool Montagu**

**11 Oktober 2018**